



DEK DIT DEFTIG

BENODIGDHEDE: Ongeveer 60 g Coats Tridalia Nr. 8; hekelpen van 1,25 mm.

MATE: Ongeveer 20 x 45 cm.

AFKORTINGS: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; st(e) – steek(steke); sp(s) – spatie(s); blk(s) – blokkie(s); herh – herhaal.

Spasie: 1lb om te begin; * 2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi.

Blokkie: 1lb om te begin; * 1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb om blk te voltooi.

AANWYSINGS: Begin met 115ks by stippellyn in middel en werk volgens diagram tot 3e blokkiesry van rand voltooi is.

Keer werk om en hekel nogmaals vanaf stippellyn tot einde om middelstuk te voltooi, maar moenie die gare afknip nie. **OMRANDING:** Word in rondtes gehekel; elke rondte sluit met 'n gs in 1e st.

1e rondte: * 1kb in sp; 5ks; herh rondom, maar hekel 3kb in elke hoek.


2e rondte: 5ks, * (1kb, 3ks, 1kb) in sp van vorige ry, 5ks; herh rondom, maar hekel in elke hoek: 1kb in 1e hoek kb, 5ks, 1kb in 3e hoek-kb.

3e rondte: 5ks, * (1kb, 3ks, 1kb) in 5ks-sp, 5ks; herh rondom, maar hekel 8lb in elke hoek-sp.

Knip gare af en werk netjies af. ●

Middel

DIAGRAM



Begin hier

SLEUTEL
TOT DIAGRAM

□ – spasie
✕ – blokkie